

AFRIKANERMYNWERKERS EN DIE MYNWERKERSUNIE, 1936—1948

H J van Aswegen & L de Kock
Randse Afrikaanse Universiteit

I

Kapitaal, arbeid en ideologie: die stryd van die Afrikanerbond van Mynwerkers teen die Mynwerkersunie, 1936—1937

SUMMARY

Afrikaner Mine Workers and the Mine Workers' Union, 1936 1948

Part I: Capital, labour and ideology: the struggle of the Afrikanerbond of Mine Workers against the Mine Workers' Union, 1936–1937

Between the years of 1936 and 1948 a bitter struggle waged in the ranks of the white Mine Workers Union (MWU) for control of this large and influential organisation. In essence it was a struggle of the unskilled and semi-skilled Afrikaner mine workers against the gross maladministration of the Union management. This struggle was, however, organised and fanned from the outside by Afrikaner political and cultural leaders ("Die Nasionale Raad van Trustees" or NRT) in an attempt to mobilise the Afrikaner workers for party political and Afrikaner national interests. Their vehicle was the "Afrikanerbond van Mynwerkers" (ABM) – which, as an opposing christian national union, tried to oust the MWU. The first serious attempt was warded off by reinstating the closed shop principle and thus making a second union illegal. Thereafter the ABM tried to reform the MWU from within and during a lengthy struggle succeeded in bringing the maladministration of the MWU in the open. In 1947 the struggle was won when a new Afrikaner dominated board of management was elected. The article focuses on the role of the NRT and ABM and the ways in which it mobilised support from Afrikaners, the majority of whom did not have the same strong feelings of nationhood as the leaders of the ABM/NRT. In evaluating the role of the ABM/NRT the evidence indicates that in the initial phase of the struggle it played an important role, but in the latter stages it was partially pushed into the background by groups of mine workers committed to the basic principles of trade unionism and not in the first instance to Afrikaner solidarity.

Tussen 1936 en 1948 het daar 'n bittere stryd in die geledere van die Mynwerkersunie (MWU), die Blanke mynwerkersvakbond aan die Witwatersrand, geheers.¹ In die middelpunt van die stryd was die Afrikanermynwerkers wat nie alleen die oorgrote

Sien in die verband L. de Kock: *Die Stryd van die Afrikaners in die Suid-Afrikaanse Mynwerkersunie aan die Witwatersrand, 1936—1948*. (Ongep. MA-verhandeling, RAU, 1983).

meerderheid van die Blanke mynwerkers verteenwoordig het nie, maar wat as ongeskooldes en semi-geskooldes van die laagste lone in die mynbedryf ontvang het.²

Die stryd van die mynwerkers was enersyds gemik teen die bestuur van die MWU a.g.v. wanadministrasie, magsmisbruik en gebrekkige behartiging van die belange van die mynwerkers. Andersyds was daar kragte van buite die geledere van die MWU wat die Afrikanermynwerker probeer mobiliseer het vir kultureel-politieke doeleindes: Afrikanereenheid en -mag. Die stryd van die mynwerkers was nie beperk tot die arena van die georganiseerde arbeid nie, maar dit het ook 'n brandpunt in die politieke lewe van daardie jare geword. Die botsende belange van die mynbase en mynwerkers is in 'n belangrike mate weerspieël in die stryd tussen die Verenigde Party (VP), die Arbeidersparty (AP) en die "Gesuiwerde" Nasionale Party (GNP).³ Histories gesien was hierdie stryd van groot belang, want dit het aan die wortels gelê van 'n sterk opkomende Afrikanernasionalisme.

Midde in die stryd van die mynwerkers het veral drie organisasies gestaan, nl. die Afrikanerbond van Mynwerkers (ABM) en sy opvolger die Hervormingsorganisasie binne die Mynwerkersunie, asook die Nasionale Raad van Trusteest (NRT). Die NRT is as frontorganisasie van die Afrikaner Broederbond (AB) in die lewe geroep om die saak van die Afrikanerwerkers, veral die mynwerkers, op sy skouers te neem.⁴ Dit was juis deur die toedoen van die NRT dat die ABM tot stand gekom het en die Afrikanermynwerkers georganiseer is.

Verskeie historici het reeds oor hierdie gebeure geskryf. Louis Naude⁵ gee 'n sterk Afrikanersentriese siening: die stryd van die Afrikanermynwerkers was noodsaaklik vir die opbou en behoud van Afrikanervolkseenheid en is in hoofsaak gemotiveer deur ideologiese en etniese oorwegings. Hermann Giliomee en Dan O'Meara gaan van die standpunt uit dat die Afrikanermynwerkers as werkersklas deur die Afrikanerelite (*petite bourgeoisie*) gemobiliseer is om die Afrikaner as groep te konsolideer teen die magte wat hulle bedreig het.⁶ Giliomee sien hierdie mobilisering nie bloot in terme van materiële oorwegings nie, maar ook en veral in terme van etnies-kulturele oorwegings – die beskerming en behoud van die Afrikanertaal, kultuur en kerk.⁷ O'Meara verwerp ideologie en kultuur as basis van die stryd van die Afrikanermynwerker. Hy interpreteer die stryd in terme van veranderinge in die arbeidsproses ("changes in the labour process") en die konsolidering van klassebelange deur die Afrikanermiddelklas.⁸

Die doel van hierdie artikel is om die eerste fase van die stryd in die MWU te

E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad, deel I, 1886–1924*, hfst. 4–8 en *deel 2, 1924–1961*, hfst. 4–5. (HAUM, Pretoria, 1978 en 1986).

Sien veral J.H. le Roux: *Die "Gesuiwerde" Nasionale Party 1935–1940*. (Ongep. MA-verhandeling, UOVS, 1972).

Die amptelike geskiedenis van die NRT is geskryf deur Louis Naude: *Dr. A. Hertzog, die Nasionale Party en die Mynwerkers*. (Potchefstroom, 1969). Die boek verskaf baie goeie inligting maar is besonder eensydig.

Ibid.

H. Giliomee en H. Adam: *Afrikanermag. Opkoms en Toekoms*, pp. 77–89 (U.U.B., Stellenbosch, 1981); D. O'Meara: "Analysing Afrikaner Nationalism: The 'Christian-National' Assault on White Trade Unionism in South Africa, 1934–1948", *African Affairs*, 77, 306, Jan. 1978. O'Meara het sy standpunte volledig uitgewerk in *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner Nationalism 1934–1948*. (Ravan Press, Johannesburg, 1983).

Sien ook T.D. Moodie: *The Rise of Afrikanerdom. Power Apartheid and the Afrikaner Civil Religion*. (University of California Press, Berkeley, 1975).

Sien die werke van O'Meara in voetnoot 6.

bespreek en veral om die rol van die AMB te belig. Daar sal veral gekyk word na die wisselwerking tussen die mynwerkers (massa) en die AMB/NRT-leiding. Sentraal in die bespreking staan die kwessie van *mobilisering* en die fokus sal val op waarom en hoe die ABM/NRT die Afrikanermynwerkers tot die stryd gemobiliseer het en in welke mate hulle suksesvol was.

Die totstandkoming van die ABM

Die totstandkoming en optrede van die ABM moet gesien word teen die agtergrond van die stigting, werksaamhede en ideale van die NRT. Op 4 Oktober 1936 is die NRT amptelik in die lewe geroep. Die stigterslede was A. Hertzog, N. Diedericks, C.F. de Wet, P.J. Meyer, P. du Toit en C.E.W. Schumann. Hulle het ook die uitvoerende bestuur van die NRT gevorm met A. Hertzog as voorsitter, N. Diedericks as ondervoorsitter en P.J. Meyer as sekretaris. Bykomende lede was J.C. van Rooy en I.M. Lombard.⁹ Nie een van hierdie lede was mynwerkers nie, maar hulle was afkomstig uit die Afrikanerelitegroep van akademici, bankiers, kultuurleiers en predikante. Almal was ook lede van die AB.¹⁰

Die NRT het een hoofdoelstelling gehad nl. om die Afrikanerwerkers in Christelik-nasionale vakbonde te organiseer en om op dié wyse die Afrikanerwerkersklas vir die saak van die Afrikaner te wen. Van die begin af dus was die NRT op die arbeidsterrein toegespits en spesifiek op die Afrikanermynwerkers. Om die rede is die ABM as Afrikanervakbond op 26 November 1936, nie 'n volle twee maande na die NRT nie, gestig op inisiatief van die NRT.¹¹ 'n Verskeidenheid van faktore het tot hierdie verwickelinge teen die einde van 1936 aanleiding gegee.

Een van die grondoorsake vir die totstandkoming van die ABM was die griewe en vermeende griewe van die mynwerkers oor hulle arbeidsomstandighede en die swak hantering daarvan deur die MWU. As die enigste amptelike vakbond en dus die enigste kanaal waardeur die mynwerkers hulle griewe kon lug, het die MWU ver tekort geskiet. Dit was in die oë van die mynwerkers en NRT te swak en te ongeorganiseerd en het geen werklike poging aangewend om hulle werksomstandighede te verbeter en hulle belange te bevorder nie.¹² Daar was 'n algemene gevoel dat die MWU en die Kamer van Mynwese saamgewerk het om die mynwerkers op 'n lae ekonomiese peil te hou. So het die mynwerkers bv. glad nie gedeel in die voorspoed wat die goudmynbedryf na 1932 beleef het nie.¹³

Daar was ook skerp kritiek teen die Kamer van Mynwese se beleid om geskoolde arbeid aktief van buite te trek eerder as om van Afrikaners gebruik te maak. Die beleid, ondersteun deur die MWU, is as 'n growwe vorm van ekonomiese onderdrukking gesien: die winsgewende en minder gevaarlike werk is vir nie-Afrikaners gegee terwyl die Afrikaners feitlik sonder uitsondering ongeskoolde ondergrondse arbeid moes verrig en in uiterste armoede moes leef. Ondergronds het hulle boonop die slagoffer van myntering geword waardeur hulle lewensverwagting aansienlik verkort

9. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 17–27; *Die Burger*, 27.11.1936: *Afrikanerbond vir mynwerkers*.

10. A.N. Pelzer: *Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar*, p. 150. (Tafelberguitgewers, Kaapstad, 1979).

Die Burger, 27.11.1936: Afrikanerbond vir mynwerkers; *Die Vaderland*, 26.11.1936: Afrikaanse Bond vir mynwerkers.

12. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 16–27; *The Star*, 22.3.1937: The Mynwerkersbond.

13. A25/5 J. Terburg-versameling: Referate en besluite van die Volkskongres, 1–4 Julie 1947, pp. 92 en 97–98 (RAU).

is. A.g.v. die houding van die MWU was die kans vir die Afrikaners om hulle vir die hoër range in die mynbedryf te bekwaam as gering geag.¹⁴

Die mynwerkers het die MWU en die Kamer van Mynwese ook beskuldig van 'n ontoereikende pensioenfonds vir die ondergrondse werkers. In sy veertigjarige bestaan het die MWU-bestuur geen poging aangewend om 'n beter bedeling daar te stel nie. Hierdie houding van die MWU het die indruk gewek dat die mynwerkers maar tevrede met hul karige loon en swak byvoordele moes wees en sonder enige bedingingsmag was.¹⁵

Verskeie aspekte van die interne bestuur van die MWU is ook sterk bevraagteken: die outokratiese optrede van die bestuur, veral die algemene sekretaris, Charles Harris; onbevoegde amptenare wat in die bestuursposte aangestel is en die onreëlmatige wyse waarop hierdie amptenare hulle poste verkry het, het veral onder skoot gekom.¹⁶ Daar was klagtes oor die manipulering van verkiesings; stembusbedrog; laksheid van verkiesingsbeamptes waarvan sommige betaalde amptenare was, en oor onwettige verteenwoordiging op die algemene raad van die MWU deur ongemagtigde persone van buite.¹⁷ Daar is ook beweer dat die MWU se optrede berus het op grondwette (1933 en 1936) wat onwettig was omdat dit nie deur die hoofbestuur formeel bekragtig en ingevolge die nywerheidsversoeningwet geregistreer is nie.¹⁸

Onderliggend aan hierdie griewe het 'n verskeidenheid van dieperliggende kragte gelê wat in Afrikanergeleedere aan die werk was en wat die Afrikanerarbeider, veral die mynwerker, se posisie in die kalklig, geplaas het. Afrikanerleiers in die AB en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) was bevrees dat die Afrikaner in en deur die vakbondwese sterk onder die invloed van die kommunisme sou kom.¹⁹ In die dertigerjare was daar inderdaad reeds verskeie individue en werkersorganisasies wat openlik sosialisme en kommunisme verkondig en werkersklaseenheid nagestreef het. Die Afrikanerwerkers moes daarby betrek word. W.H. Andrews, leier van die United People's Front, wat direkte bande met die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA) gehad het, het in 1937 reeds verklaar: "There is ground for optimism. Young Africans, men and women, are flocking to the towns by the thousands from the platteland, to swell the ranks of Communism and Socialism. They are not here very long and they realise, here we have a class struggle. We must absorb them in the Trade Unions and other Left Wing Organizations. And it does not end there. They have relations at home and through them we must influence people".²⁰

Dit is teen hierdie "dreigende gevaar" wat die Afrikaner van sy kultuur, taal en kerk sou vervreem, dat die AB die Afrikanerwerkers in Christelik-nasionale vakbonde wou saamtrek. Ook die dreigende gevaar van die mededinging van Swartwerkers met die on- of halfgeskoolde Blanke werkers was 'n wesentlike vraagstuk wat deur die Afrikanerleiers geïdentifiseer is. Dr. D.F. Malan het reeds in 1938 gewaarsku teen die

14. *Ibid.*

15. *Die Burger*, 25.2.1937: Groot organisasie vir Afrikaners.

16. Sien in die verband K6 Mine Workers' Union Enquiry Commission 1941, Band 4, Lêer VI: Verslag, pp. 2–7 en 14 (S.A.).

17. *Ibid.*

18. *Ibid.*, p. 29 en Band 2, Verbatim Reports, vol. 8, pp. 493–498 en 507–509.

19. A. Hertzog: Vakvereniging, p. 10 (RAU); P.J. Meyer: "Vak-unioniste en kommuniste werk saam", *Die Voorlaaier*, reeks 1, pp. 7 en 11; J.S. de Wet: "Stryd van Afrikaanse Vakbonde op die Rand," *Die Voorlaaier*, reeks 1, p. 13; A.J.G. Oosthuizen: *Kommunisme en die Suid-Afrikaanse Vakunies* (Voortrekkers, Johannesburg, 1938).

20. A1731 S.J. Botha-versameling, Band 4: Die Stryd om die vakbonde bylae 7, p. 3 (S.A.).

gevaare wat die ontwakende en kompeterende Swartarbeiderstand vir die Blankes ingehou het.²¹ Dit is nie alleen as 'n ekonomiese bedreiging ervaar nie, maar ook as 'n bedreiging vir die Blanke ras en beskawing wat deur die konsolidering van Afrikaner-mag teengewerk moes word.

Die ontstaan van die AMB kon egter ook direk toegeskryf word aan die politieke stryd tussen die Gesuiwerde Nasionale Party, die VP en AP. Die GNP het na sy totstandkoming in 1934 hom ten doel gestel om die Afrikaner op politieke, ekonomiese en kulturele terrein te versterk teen Britse imperialisme en die groot geldmagte van die Anglo-Saksiese wêreld. Die enigste metode om daarin te slaag was deur die aanwaking van 'n eksklusiewe Afrikanernasionalisme en die doelbewuste uitbou van Afrikanereenheid en -mag.²²

Die leiers van die GNP, aan wie die AB en FAK hulle steun toegesê het, was egter bewus van die swak politieke basis van die party in die OVS en die Noorde (Transvaal) waar hulle slegs oor een parlementêre setel beskik het. Dit is o.a. om hierdie rede dat hulle hul spesifiek op die groot getalle Afrikanerwerkers aan die Witwatersrand toegespits het om hulle magsbasis te vergroot.²³ In die proses moes ook die aanslag van die AP op die werkersklas afgeweer word. Verskeie Afrikanerorganisasies het hulle nou daarop toegespits om die Afrikanerwerkers te bearbei vir die Afrikanersaak en 'n Afrikanerkoerant *Die Transvaler*, met dr. H.F. Verwoerd as eerste redakteur, is in 1937 in die hart van die stedelike samelewing, nl. Johannesburg, opgerig.²⁴

Die steun van die Afrikanerwerkers was nie alleen vir politieke en breër kulturele doeleindes vir die GNP nodig nie, maar ook om ekonomiese redes. Daar is beseft dat die ontwikkeling van Afrikanerkapitaal 'n sleutelrol sou speel in die konsolidering van Afrikanermag. Slegs as die Afrikaner homself ekonomies kon handhaaf sou hy hierin kon slaag.²⁵ Die werkers sou op die arbeidsvlak 'n kardinale rol hierin kon speel.

In die Afrikanerstrategie van die GNP wat sterk op die werker toegespits was, het die mynwerkers 'n sleutelposisie bekleed. Hulle was nie alleen een van die grootste werkersgroepe aan die Witwatersrand nie, maar ook 'n leiersgroep wat deur Moodie as die "aristocrats of labour" bestempel is.²⁶ Boonop was hulle werksaam in die goudmynbedryf wat 'n strategiese rol in die landseconomie gespeel het. Die mynwerkers was egter ongeorganiseer. Omdat lidmaatskap van die MWU nie verpligtend was nie, het die meeste Afrikanermynwerkers nie daaraan behoort nie. Dit het aan die Afrikanerleiers van die GNP 'n gulde geleentheid gegee om die mense te organiseer en te mobiliseer vir die party en die Afrikanersaak.²⁷

Die enigste probleem met hierdie strategie was dat die mynwerkers grootliks

-
21. P.G. Nel (red.): *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p. 218 (HAUM, Pretoria, 1979). Sien ook C.G.W. Schumann: *Die ekonomiese posisie van die Afrikaner*, p.89 (Nasionale Pers, Bloemfontein, 1940).
 22. Sien in die verband die ongep. MA-verhandeling van J.H. le Roux: *Die "Gesuiwerde" Nasionale Party*.
 23. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 12–13, 20 en 33–34; O'Meara: "Analysing Afrikaner Nationalism", pp. 54–55.
 24. D. Prinsloo: *Die Johannesburg-periode in dr. H.F. Verwoerd se loopbaan*, p. 452 (Ongep. D. Litt et Phil-proefskrif, RAU, 1979).
 25. Le Roux: *Die "Gesuiwerde" Nasionale Party*, Pp. 239-245 en 248; O'Meara: "Analysing Afrikaner Nationalism", p. 55.
 26. Moodie: *The Rise of Afrikanerdom*, p. 171. Sien ook A63/2 M.S. Louw-versameling: Reddingsdaadbond Memoranda, NRT/6, 25.11.1942, pp. 1–2 (S.A.).
 27. *Die Burger*, 27.11.1936: Afrikanerbond vir mynwerkers; Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 54–55.

onbewus en onvoorbereid was vir die grootse taak wat die NRT aan hulle toegesê het. Van al die griewe teen die bestuur van die MWU was hulle òf onbewus òf het hulle redelik afsydig gestaan. Van die bedreiging van die Afrikaner het die deursnee werker nie kennis geneem nie. In hul armoedige stadsbestaan het hulle belangstelling selde verder gestrek as hul daaglikse bestaanstryd. Aan die vakbondwese het hulle nie veel erg gehad nie.²⁸ Die NRT het besef dat hulle hierdie mense bewus sou moes maak van die gebreke in die MWU en die bedreigings wat die vakbonde vir hulle as Afrikaners ingehou het om hulle steun te verkry.

Die stigting van die ABM was nie 'n spontane handeling van die Afrikaner-mynwerkers nie. Die NRT-leiers, veral Albert Hertzog, P.J. Meyer en C.F. de Wet het op 'n intensiewe skaal die mynwerkers probeer bearbei om 'n nuwe en mededingende vakbond te stig.²⁹ Om lede te werf was moeilik aangesien die mynwerkers by 52 myne met 189 skagte oor die Witwatersrand versprei was. Op 26 November 1936 is 'n groot vergadering van mynwerkers deur die NRT in die Krugersdorpse stadsaal belê en dit was tydens die vergadering dat die ABM amptelik tot stand gekom het.³⁰

Organisasie en Optrede van die ABM

As opposisievakbond teen die magtige MWU was die ABM nooit goed georganiseer nie. Na die aanvanklike stigtingsvergadering was die hoofdoel van die NRT om 'n aantal takke oor die hele Witwatersrand te stig. 'n Tweede tak is in November in Brakpan gestig.³¹ Hoeveel verdere takke gestig is, is onbekend, want die bronne maak geen vermelding van 'n spesifieke aantal takke nie. Louis Naude, lid van die NRT en skrywer van die amptelike geskiedenis van die liggaam, beweer dat die ABM met entoesiasme begroet is en dat talle takkomitees na die stigting van die organisasie tot stand gekom het.³²

Op 31 Maart 1937 is die eerste hoofbestuur van die ABM gekies. Die lede was L. Cronje (president), J.S. de Wet (sekretaris), P.S. Quinside, J. Matthysen, P. Noppe, C.F. Minnaar en H.J. Barnard — almal uit die geledere van die mynwerkers.³³ Geen grondwet is by die geleentheid vir oorweging aan die algemene vergadering of hoofbestuur voorgelê nie. Die gevolg is dat daar relatief min bekend is van die organisatoriese binnewerkinge van die ABM.

Die groot taak van die ABM was om lede te werf en om die nuwe vakbond onder die aandag van die mynwerkers te bring. Daar is deeglik besef dat slegs 'n sterk organisasie met 'n groot ledetal die MWU suksesvol sou kon aandurf. Verskeie NRT-lede het reeds die taak op hulle geneem, maar kon dit nie op 'n voltydse basis doen nie. Daar was spoedig 'n groot behoefte aan voltydse organiseerders. Twee is aangewys, nl. J.S. de Wet vir die Oosrand en J.N. Papenfus, vir die Wesrand.³⁴ Die strategie van die organiseerders was om vergaderings te reël op die skagte, in die kledkamers en ook in die huise van die mynwerkers. Die klem het sterk op persoonlike kontak en bearbeiding geval. Tydens die huisvergaderings het verskeie prominente NRT-lede

28. K6 MWU Enquiry Commission 1941, Band 2, Vol 10: J.S. De Wet getuig, p. 667; Naude: *Dr. A. Hertzog*, p. 54.

29. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 19–20 en 27–28.

30. *Die Vaderland*, 26.11.1936: Afrikaanse Bond vir mynwerkers.

31. *Die Vaderland*, 21.11.1936: Tweede tak op Brakpan.

32. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 33–34 en 40.

33. *Ibid.*, p. 34.

34. *Ibid.*, pp. 31–33.

soos A. Hertzog, P.J. Meyer e.a. as sprekers opgetree, J.S. de Wet self het 'n reuse-rol in die opbou van die ABM gespeel. In enkele maande het hy meer as 300 vergaderings toegesprek.³⁵

Volgens Naude het die ABM snel gegroei en het die ontevrede mynwerkers teen Januarie 1937 teen 'n tempo van duisend elke maand hulle by die vakbond aangesluit.³⁶ Hierdie bewering is egter moeilik om te staaf weens die afwesigheid van enige bewyse van lidmaatskap van die ABM. Dat die ABM wel 'n groot aanhang begin kry het, blyk uit die reaksie van die MWU teen hierdie opponent. Uit die getuienis van verskeie mynwerkers voor die kommissie van ondersoek na die MWU (1941) kan ook afgelei word dat die ABM 'n sterk en groeiende aanhang onder die mynwerkers gehad het.³⁷

Een van die knelpunte waarmee die ABM van die begin af te doen gekry het, was 'n gebrek aan geld. Lede van die ABM is nie verplig om ledegeld te betaal nie, met die gevolg dat hulle oor geen kapitaalbron beskik het om hulle organiseerders te betaal nie. Die organiseerders het aanvanklik hulle taak sonder vergoeding gedoen.³⁸ Teenoor hulle het 'n kapitaalsterke MWU gestaan wat ook die volle ondersteuning van die magtige Kamer van Mynwese gehad het.

Pogings om steun te werf van genl. J.B.M. Hertzog uit trustgeld wat hy beheer het en wat bestem was vir die belange van die Afrikanervolk, het misluk. Politieë was hy tussen Cresswell en sy Arbeidersparty enersyds en genl. Smuts andersyds in 'n onmoontlike posisie om dié vakbondbeweging te help.³⁹ Die NRT het wel 'n bedrag van £2 000 van mev. Jannie Marais van Stellenbosch, asook geld uit die Pieter Neethlingfonds, wat deur Albert Hertzog en Wynand Louw beheer is, en ook van die Ekonomiese Instituut van die FAK, ontvang.⁴⁰

Ofskoon die geld die ABM finansiële op sy voete gebring het, en 'n aantal organiseerders voltyds aangestel kon word, was veel meer nodig om die oorhoofse kostes van kantoorkhuur en administrasie te dek. Die gevolg was dat Albert Hertzog 'n fondsinsamelingsveldtog op die platteland geloods het.⁴¹ Oral op die platteland het hy vergaderings toegesprek en die mense ingelig oor die nood van die stedelike Afrikaner en die stryd van die Afrikanerwerker in die vakbondwese. Hoeveel geld op die wyse ingesamel is, is nie bekend nie, maar uit die bronne blyk dit dat die reaksie gunstig was.⁴² "Die reise na die platteland het nie net die noodsaaklike fondse inbring nie. Geestelik het dit ook die brug gevorm tussen die plattelandse Afrikaner en die Afrikanerwerker in die stad. Deur die vergaderings en met die simpatieke steun van die Nasionale koerante het die betekenis van die werker en veral die mynwerkers tot die Afrikaner deurgedring".⁴³

35. K6 MWU Enquiry Commission 1941, Band 4, Lêer VI: Verslag, p. 5.

36. Naude: *Dr. A. Hertzog*, p. 40.

37. K6 MWU Enquiry Commission 1941, Band 4, Lêer VI: Verslag, p. 5.

38. *Ibid.*, pp. 15–16; Naude: *Dr. A. Hertzog*, p. 28.

39. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 28–29.

40. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 28–29, 30–31.

41. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 96–97.

42. *Ibid.*, pp. 96–97, 99.

43. *Ibid.*, pp. 99–100; A32 J.B.M. Hertzog-versameling, Band 34: H. van Wyk genl. Hertzog 18.8.1938, pp. 1–2 (S.A.).

Die ABM vs die MWU

Gedurende die eerste paar maande van sy bestaan het die ABM onder leiding van die NRT 'n groot invloed op die arbeidstoneel in die mynindustrie gehad. Dit het skielik as 'n daadwerklike bedreiging vir die gevestigde posisie en belange van die MWU en die Kamer van Mynwese na vore getree. Die groepe het dan ook besonder heftig gereageer op die stigting van 'n opposisie-vakbond.

Charles Harris, die algemene sekretaris van die MWU, asook ander vakbondleiers, het die ABM skerp aangeval omdat dit die vakbond, wat deur gemeenskaplike ekonomiese bande saamgebind word, wou verdeel en verswak. Die nuwe vakbond is van Afrikanereksklusiwiteit en eiebelang beskuldig.⁴⁴ Harris het baie hard probeer om die goeie hoedanighede van die MWU en sy bestuur aan te prys en die ABM se optrede as 'n verdeel-en-heers taktiek af te maak. Die griewe wat deur die ABM geopper is, is as vals verwerp. Die Kamer van Mynwese het die kritiek van die MWU onderskryf en die beweging as die aanhitsing van 'n klassestryd deur die NP beskryf.⁴⁵

Ook die AP het die idee van 'n aparte Afrikanervakbond heftig gekritiseer. 'n Woordvoerder van die party het dit as 'n politieke set van die AB onder die dekmantel van die FAK afgemaak. Die feit dat die AMB as volwaardige filiaal van die FAK erken is, het die standpunt versterk.⁴⁶ Die AP het sy volle steun aan die MWU belowe en die mynwerkers aangeraai om onverwyld by die organisasie aan te sluit.

Uit die geleedere van die Vak- en Arbeidsraad is die ABM vergelyk met vakbonde wat in Nazi-Duitsland en fascistiese Italië tot stand gekom het. Die beweging is gekritiseer as "a direct challenge to the legitimate trade union movement, and is intended to divide the workers in order to secure their allegiance on racial lines. In effect, the movement does not have the interest of any section of workers at heart but aims purely at furthering the interest of a particular political party".⁴⁷

Die ABM het hom dus spoedig in die middel van 'n heftige woordestryd bevind wat tot in die parlement deurgeslaan het.⁴⁸ Die GNP en sy mondstuk *Die Burger* het die stigting van die ABM en ander Christelik-nasionale vakbonde verdedig as 'n beweging in belang van die Afrikanerdom en die kritiek van o.a. die AP aan vrese dat hy die steun van die mynwerkers gaan verloor, gewyt.

Terwyl hierdie woordestryd gewoed het, het die werklike stryd tussen die ABM en die MWU om die steun van die mynwerkers in alle erns begin. Die MWU het die potensiële gevaar van 'n mededingende vakbond besef en reeds in Februarie 1937 het die algemene raad op sy jaarvergadering besluit "... to expel from the ranks of our Union all men who became associated with the racialist unions".⁴⁹ Hierdie dreigement is deur meer daadwerklike optrede opgevolg toe die MWU toestemming aan sy lede verleen het om te staak uit protes teen die teenwoordigheid van die ABM-lede op sekere myne. Op 31 Maart 1937 het 125 mynwerkers, waarvan 116 na bewering Afrikaanssprekend was, geweier om by die Milnerskag van die Simmer en Jack-myn te sak.⁵⁰ Die staking, hoewel beperk, het groot opslae gemaak en die MWU het dit

44. Naude: *Dr. A. Hertzog*, p. 99. Sien ook D. Prinsloo: *Die Johannesburg-periode*, p. 383.

45. J.H. le Roux: *Die "Gesuiwerde" Nasionale Party*, p. 164.

46. *Die Mynwerker*, Januarie 1937: Labour M.P.'s appeal.

47. *The Star*, 18.3.1937: Sharp attack ...

48. *Die Vaderland*, 28.4.1937: Mynwerkers verenig; *The Star*, 18.3.1937: Sharp attack.

49. *Die Mynwerker*, Februarie 1937: Kill the snake, p. 2.

50. *Die Burger*, 1.4.1937: Afrikaner-mynbond in tweeveeg; *Die Mynwerker*, Desember 1937: Waarhede omtrent ons vakunie, p. 36; *Die Vaderland*, 1.4.1937: Staking dreig oor een lid van nuwe bond.

duidelik gestel dat hy daardeur die ABM die stryd aangesê het.

Die magte van die MWU was in 'n sekere opsig egter beperk omdat dit mynwerkers vrygestaan het om te kies of hulle by 'n vakbond wou aansluit en by welke vakbond hulle hul wou skaar. Slegs onder die geslote werkplaasbeginsel⁵¹ – wat nie op hierdie stadium gegeld het nie – kon stappe geneem word teen werkers wat teen die besluite van die vakbond handel. Hierdie feit is deur die Goudproducentekomitee (die uitvoerende liggaam van die Kamer van Mynwese) onderstreep in sy kommentaar op die stryd tussen die MWU en ABM. Die liggaam het nietemin slegs die MWU as vakbond vir onderhandelingsdoeleindes erken.⁵² Ook die regering het by monde van die minister van mynwese, Jan Hofmeyr, die MWU onder die bestaande nywerheidswetgewing, as enigste verteenwoordigende en geregistreerde vakbond beskou, maar die reg van vrye assosiasie van die mynwerkers erken.⁵³

Vir die MWU was dit dus van kardinale belang om die geslote werkplaasbeginsel heringestel te kry en hulle het druk op die Kamer van Mynwese uitgeoefen om tot die stap oor te gaan. Die Kamer van Mynwese, wat sterk teen die beginsel gekant was (in 1936 het hulle hul steeds daarteen uitgespreek), het nou toegegee. Op 8 April 1937 is besluit om tot die geslote werkplaas oor te gaan met die amptelike inwerkingstelling daarvan op 1 Junie 1937.⁵⁴ Die praktiese implikasie daarvan was dat alle mynwerkers by die MWU, as enigste wetlik erkende vakbond, sou moes aansluit of die gevaar loop om deur die Kamer van Mynwese uit die mynbedryf geskors te word.

Hoewel die MWU hierdeur 'n groot oorwinning behaal het, was die ABM vasbeslote om nie die stryd gewonne te gee nie. Die NRT het bly hamer op die korrupsie in die MWU en sy ledewerwing aansienlik opgeknep in 'n poging om die ledetal van die MWU teen 1 Junie 1937 te probeer oortref. Dan sou hy kon aanspraak maak op erkenning deur die Kamer van Mynwese as die grootste mynwerkersvakbond.⁵⁵ 'n Omvattende proesskrif teen die instelling van die geslote werkplaasbeginsel, onderteken deur 8 000 Afrikaners, is ook deur die NRT aan die Kamer van Mynwese voorgelê. Albert Hertzog, vergesel deur J.S. de Wet, het terselfdertyd die minister van mynwese persoonlik versoek om in die geskil in te meng. Hofmeyr was egter nie by magte om dit te doen nie.⁵⁶

Al hierdie pogings van die NRT/ABM het misluk. Hulle kon nie daarin slaag om die MWU in getalle te oortref nie en die mynbase het hulle volle steun aan lg. organisasie toegesê. Pogings van NRT-lede, o.a. Albert Hertzog, om die MWU in die openbaar te diskrediteer deur allerlei ongegronde bewerings, het tot 'n lastereis teen hom aanleiding gegee en hy was verplig om die saak buite die hof te skik.⁵⁷ Die NRT/ABM het geen ander keuse gehad nie as om hulle by die geslote werkplaasreëling neer te lê en hulle strategie vir die stryd teen die MWU dienooreenkomstig aan te pas.

“Geslote geleedere” beteken in praktyk dat 'n werknemer verplig word om by die vakbond aan te sluit en sy ledegeld te betaal alvorens hy in diens geneem word.

52. *Die Burger*, 2.4.1937: Verwachting dat staking uitbrei aan die Rand.

53. *The Star*, 2.4.1937: Minister of mines.

54. *Die Vaderland*, 8.4.1937: Mynwerkersunie vakbond erken as enigste wettige; *The Star*, 8.4.1937: Trade unions and the mines. Sien ook *Die Vaderland*, 17.4.1937: Vyandige vakbonde werf nou lede vir lewe en dood; Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 41–42 en O'Meara: “Analysing Afrikaner Nationalism”, p. 66.

55. *Die Vaderland*, 17.4.1937: Vyandige vakbonde.

56. Naude: *Dr. A. Hertzog*, pp. 43–44; *Die Vaderland*, 25.5.1937: Vra kultuurverenigings om protes in te stuur; D. Prinsloo: *Die Johannesburg-periode*, p. 369.

Die Mynwerker, April 1938: Skik lastersaak buite hof, p. 7.

In die kort bestaanstyd van die ABM vanaf November 1936 tot en met die toepassing van die geslote werkplaasbeginsel in Junie 1937 het die organisasie dus in hul vernaamste doelstelling misluk. Hulle kon nie 'n alternatiewe vakbond op die been bring wat sterk genoeg was om die gevestigde MWU uit die stoel te lig nie. Daarvoor was hulle ledetal te klein en die organisasie te swak. Hulle het ook nie oor die steun van die groot kragte in die mynbedryf soos die Kamer van Mynwese beskik nie.

Die strategie van die NRT/ABM om enersyds op die mynwerkers se griewe te konsentreer en hulle meer bewus te maak van die ongunstige posisie wat hulle as werknemers beklee, en om andersyds die bestuur van die MWU verdag te maak, het op die korttermyn nie gewerk nie. Ook hulle beroep op volksentimente het nie die Afrikanermynwerkers in groot getalle rondom die ABM gemobiliseer nie.

Van belang was egter ook dat die ABM/NRT die mynwerkers bewus gemaak het van wantoestande wat geheers het en hulle reg om daarteen in verset te kom. Dit het nuwe kragte in die geledere van die mynwerkers ontketen wat uiteindelik ingrypende veranderinge in die MWU tot gevolg sou hê.

Die stryd van die ABM was maar die eerste fase in 'n lang uitgerekte botsing wat eers teen 1948 ten einde sou loop. Na die eerste nederlaag was die ABM/NRT verplig om hul strategie te wysig sodat hulle die stryd van binne die MWU kon voortsit.⁵⁸

Word vervolg

58. Sien die artikel oor "Die Hervormingsorganisasie in die MWU 1937 – 1948" in *Historia*.